Ges. 11: 1, 4 — VI. — **Salig die Reines van Hart** — Aand. 15.4.62
" 80: 1, 4, 5.
" 81: 10, 11.

Joh 13: 8–12;
Joh. 14: 1–10

Matt. 5: 8 – Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.

Hd. woord v.d. Here Jesus is een v.d. onmoontlikste v.d. baie onmoontlike eise wat Hy stel en die baie onmoontlike uitsprake wat Hy doen. Want die Bybel self sê duidelik op meer as een plek – en elkeen van ons wat ons eie hart 'n bietjie ken weet dit goed, dat dit net nie moontlik is vir enige mens om 'n rein hart te hê nie:

My hart, Heer, kan ek nie vertrou nie,
die hart so vol arglistigheid,
sal U dit nie altyd deurskou nie
in sy verborge sondigheid?

Job roep uit in versugting: Ag, kon maar 'n reine voortkom uit 'n onreine – nie een nie!
Dawid antwoord self sy vr. as hy in Ps. 24 uitroep: Wie sal klim op d. berg v.d. Here en wie sal staan in sy heilige plek? Hy wat rein van hande en suiwer van hart is.
Salomo vra d. vr. namens alle mense as hy sê (Spr. 20: 9) „Wie kan sê: Ek het my hart suiwer gehou, ek is rein van my sonde?" En Jesaja antwoord as God hom roep: „Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is!"

Die Reines van Hart: As dit is wat Xtus in hd. saligspreking bedoel dat 'n reine van hart iemand is wat sondeloos is, dan is dit volkome waar dat Xtus as 't ware vir alle mense sê: Dan sal niemand van julle ooit God sien nie, want wie durf sê dat hy 'n hart het sonder sonde? Wie durf sê dat hy ~~rein~~ is in sy motiewe en dryfvere?

Nr. dit is nie wat Xtus hier sê of bedoel nie nl. dat wie sonder sonde is, God sal sien

Hy gebruik dies wd. rein op 2 ander plekke:

① Joh. 13:10 – by voetewassing: Hy wat gewas is het niks anders nodig as om die voete te was nie, maar is heeltemal rein; en julle is rein, maar nie almal nie (Petrus – Thomas – Filippus vs. Judas)

② Joh. 15:3 – Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het.

Dus: hier spreke nie van sondeloosheid, reinheid in die sin w/ie Xtus volkome rein was voor God, mr. van reinheid in godsdienstige sin; reinheid in ons verhouding tot God ten spyte van ons eie sondighd, dubbelhartighd. As ons dus moet antwoord op vr.: W/neer is iemand rein in die sin w/ie Xtus dit bedoel? dan sê ons:

1. Rein is die mens wat sy eie onreinhd besef, erken en dit betreur: Dit was die groot verskil tussen die diss en d. Fars? Toe Jesus hulle aangespreek het: Die diss. het ook soms in opstand gekom teen Xtus se wd en boodskap, mr. diep onder dit alles het hulle d. skuld by hulself gesoek, het met skaamte en smart hulle dubbelhartighd, hulle onwil, hulle selfsug, hulle onreinhd bely. Die Fars egter, w/n Jesus hulle diepste motiewe ontmasker, word woedend, verhard hulle teen God, soek al d. skuld by Jesus – en wys dus hoe hulle reinhd sien & beoefen!

2. Rein is d mens wat opreg verlang om d. uitgange van sy hart te suiwer: Die mod. sielkunde bevestig nog elke dag meer en meer Xtus se wd: "Uit d. hart . . ."

Die mens wat hom leer ken ontdek baie gou hoe vals, dubbelslagtig en onsuiwer hd. drywere en motiewe in sy hart is, hoe min hy hom kan vertrou, hoe skynheilig en farisees hy is – hoe baie teenstellinge daar in hom is tussen leer en lewe, tussen hart en woord of woord en daad, tussen wat ons voorgee en wat ons werklik doen.

Rein is d. mens wat hd. dinge nie net[gedronge] ontdek nie maar in wie se siel daar 'n smagting is om hom los te word, vry te kom, om te kom tot groter selfkennis, eerlikhd v. [drang] & begeerte

3. Rein is d. mens wat ontdek dat alleen God as Hoogste, as Enige hd. reinheid aan hom kan skenk. Dis wat Jesus kt. sy diss wil leer dat die ware dissipel is rein van hart w/neer hy homself volkome oorgee aan God, een ding soek bo alle dinge: God. En wie God eerlik soek, sal gou vind dat net Jesus Christus ons na God kan bring, God aan ons kan verklaar!

Dis hd. soeke na die een ding bo alle dinge wat Xtus so beklemtoon i/d gelykenis v.d. pêrel. Dis hd. geheim wat Maria ontdek het en Martha nie verstaan het: die besigwees met baie goeie dinge sonder dat d. beste mis! Dit was d. tragedie v.d. ryk jongman

→ Die veelheid v dinge in ons lewe wat vir ons meer waarde het as d. Een

II. „Hulle sal God sien": wat beteken dit?

1) Geen mens het God ooit gesien: is dit dan moontlik?

– Ex. 33:18-23 – „Geen mens kan My sien en lewe nie"

– Joh. 1:18 – „Niemand het God ooit gesien"

Indien nie, hoe durf Xt. dit dan sê?

Joh. ~~14:9~~ 1:18 – ~~Filippus~~ Die Eniggebore wat in die boesem v.d. Vader is, dié het Hom verklaar

Joh 14:9 – Filippus – Hy wat My gesien het, het d Vader gesien.

Dus: (I)

⟹ Waar Xt. beter sien as oud Kruis?

2) Sal God sien: Toekoms – wanneer? En hoe: net geestelik van aard of ook met my oog aanskou d. glorie v God?